# Die Plan van Saligheid



## WAT IS DIE PLAN VAN SALIGHEID?

Die plan van saligheid* is God se plan vir die geluk van Sy kinders. Dit is op die Versoening van Jesus Christus gesentreer. Indien jy die leringe van Jesus Christus volg, sal jy ewigdurende innerlike vrede in hierdie lewe vind en ewiglike blydskap na die dood.

Soos wat jy van die plan van saligheid leer, sal jy antwoorde op hierdie vrae vind: "Waar het ek vandaan gekom?" "Wat is die doel van my lewe?" Waarheen sal ek na hierdie lewe gaan?"

## WAAR HET EK VANDAAN GEKOM?

Jou lewe het nie by geboorte begin nie, nogminder sal did by die dood eindig. Jy bestaan uit 'n geestelike liggaam (soms word dit ons siel genoem) en 'n fisiese liggaam. Hemelse Vader het jou gees geskape en jy het saam met Hom as 'n gees gebly voor jy op die aarde gebore is. Jy het Hom geken en lief gehad en Hy het jou geken en lief gehad. Hierdie periode word voor-aardse lewe genoem.

> *"Die plan van [saligheid] . . .is vanaf die voorlegging van die wêreld voor berei, deur Christus, vir almal wat ook al sal glo in sy Naam."*
>
> **Alma 22:13**

Dwarsdeur jou voor-aardse lewe is jy die beginsels en gebooie geleer wat jou gelukkig sou maak. Jy het in intelek gegroei en geleer om waarheid lief te hê. Jy is van die plan van saligheid geleer. Gedurende hierdie voor-aardse lewe is Jesus Christus as die Verlosser gekies; jy het geleer dat deur Hom, sou dit moontlik wees vir jou om die effek van jou verkeerde keuses te oorkom.

*Woorde in rooi word op bladsye 18 en 19 verduidelik.

***Die familie is sentraal in Hemelse Vader se plan.***




3

'n Belangrike deel van God se plan, was vir jou om aarde toe te kom om 'n fisiese liggaam te ontvang en om te leer hoe om korrekte keuses te maak. Jy sou nie onthou dat jy in Hemelse Vader se teenwoordigheid geleef het nie, maar Hy sou aan jou die vermoë gee om te weet wat reg en verkeerd is. Jy sou Sy liefde en waarheid kon erken. Deur jou ondervindinge en beproewinge sou jy kon leer hoe om aanhoudend die regte keuses te maak. Met die hulp van Jesus Christus, sal jy kan terug keer, om saam met Hemelse Vader te leef, wanneer jou lewe hier op die aarde verby was.

*Alhoewel jou herrinneringe van jou weerhou is, het jy in die teenwoordigheid van God, jou Ewiglike Vader en Sy Seun, Jesus Christus gebly, voor jy na hierdie aarde toe gekom het. Jy het met blydskap gejuig, toe jy die voorreg gegee is om na hierdie aarde toe te kom om 'n liggaam te ontvang en om God se plan van geluk te volg.*

Jy het in jou voor-aardse lewe geleer dat, slegs wanneer jy kies om God se plan te volg, kan jy ewiglike vrede en tevredenheid in hierdie lewe en vir die ewigheid, ontvang. Omdat Hy jou lief het, het Hemelse Vader vir jou agentskap, of die krag om besluite te maak, gegee. Hy het jou toegelaat om te kies of jy Sy plan en die Here, Jesus Christus wil volg.

Satan, een van God se geestes kinders, het teen Hemelse Vader gerebeleer en het nie Sy plan aanvaar nie. Hy wou ons almal vorseer om sy wil te doen. Ongelukkig het baie van Hemelse Vader se kinders gekies om Satan te volg. Satan en sy volgelinge is van God se teenwoordigheid af weg gestuur en is nie toegelaat om op die aarde gebore te word nie. Hulle hou aan om as geeste te bestaan. Hulle is misluk en hulle wil hê dat jy moet misluk wees. Hulle tempteer jou en al God se kinders om dinge te doen wat jou ongelukkig sal maak en wat nie vir God aanvaarbaar is nie.

*Woorde in rooi word op bladsye 18 en 19 verduidelik.

***Ons het baie om gedurende hierdie lewe te leer en te ondervind.***

In die voor-aardse lewe het jy gekies om geloof in Jesus Christus te hê en om God se plan te volg. As gevolg van jou keuse, is jy op die aarde gebore. Slegs deur hierdie selfde keuses te maak, kan jy vrede in hierdie lewe vind en sal dit moontlik wees vir jou om terug te keer om saam met Hemelse Vader te leef, na hierdie lewe verby is.

## WAT IS MY DOEL IN DIE LEWE?

### Die Skepping en die Val

Die aarde is geskape as 'n plek vir Hemelse Vader se kinders om te leef en om ondervindinge te bou. Adam en Eva was die eerste van God se kinders om na die aarde te kom. Hulle het in 'n plek genaamd die Tuin van Eden gebly, waar hulle nogsteeds in God se teenwoordigheid was.

Hemelse Vader het aan Adam en Eva agentskap gegee, of die vryheid om besluite te maak. Hy het hulle beveel om nie die vrugte van die boom van kennis van goed en kwaad te eet nie. Gehoorsaamheid aan hierdie gebod het beteken dat hulle in die tuin kon bly, maar hulle sou nie deur ondervindinge en uitdaagings kon leer om hulself te bevorder nie. Satan het Adam en Eva getempteer om die verbode vrugte te eet, en hulle het gekies om dit te doen. Dit was deel van God se plan. As gevolg van hulle besluit, is hulle van God se teenwoordigheid , fisies en geestelik, geskei. Hulle het sterflik geword, wat beteken dat hulle onderdanig was aan sonde en dood. Hulle kon nie sonder Sy hulp na Hom toe terug keer nie. Hulle fisiese en geestelike skeiding van God word die Val genoem.

Hemelse Vader het engele en die Heilige Gees gestuur om Adam en Eva die plan van saligheid te leer. Die middelpunt van die plan is die Versoening van Jesus Christus, wat God se

*Woorde in rooi word op bladsye 18 en 19 verduidelik.

*"As Adam nie oortree het nie, sou hy nie tot 'n val gekom het nie, maar hy sou in die tuin van Eden gebly het. . . .*

*"En [Adam en Eva] sou geen kinders gehad het nie; daarom sou hulle gebly het in 'n toestand van onskuld, sonder vreugde omdat hulle geen ellende geken het nie; sonder om goed te doen, want hulle het geen sonde geken nie.*

*"Maar kyk, alle dinge het geskied deur die wysheid van Hom wat alle dinge weet.*

*"Adam het tot 'n val gekom sodat die mens mag wees; en mense is sodat hulle vreugde mag hê."*

**2 Nefi 2:22–25**



kinders in staat stel om die effek van die Val te oorkom en om blydskap in hierdie lewe en in die ewigheid te hê.

## Jou Lewe op die Aarde

As gevolg van die Val, is jy fisies en geestelik van God geskei. Hierdie skeiding is deel van God se plan vir sy kinders. Die doel vir jou om Sy teenwoordigheid te verlaat, sluit in om 'n liggaam te ontvang, om ondervinding op te tel en om te leer hoe om korrekte besluite te maak.

*"Ek is 'n kind van God,*
*En hy het my hier gestuur,*
*Vir my 'n aardse*
*tuiste gegee*
*Met ouers liefdevol*
*en dierbaar.*
*Leer my, lei my, loop*
*saam met my,*
*Help my om die weg te vind.*
*Leer my alles wat*
*ek moet doen*
*Om eendag saam*
*met hom te leef."*

***Gesang*, no. 301**

Baie aspekte van die lewe bring geluk, en sommige bring hartseer. Hierdie ondervindinge help jou om te leer hoe om tussen goed en kwaad te onderskei, en om die korrekte keuse te maak. God beinvloed jou om goed te doen en om Hom te volg, terwyl Satan jou tempteer om God te ignoreer en sonde te pleeg. (Sonde is om wetende te kies om verkeerd te doen of om nie die regte ding te doen nie.) Wanneer jy kies om God te volg en Sy gebooie te onderhou, groei jy in wysheid en sterkte van karakter. Jy kan blydskap selfs gedurende tye van beproewing ondervind, en jy kan die uitdaagings van die lewe met 'n gees van vrede deur sien.

Jy het al baie goeie keuses in jou lewe gemaak, maar jy het ook al 'n paar verkeerde keuses gemaak. Wanneer jy verkeerde keuses maak en sondig, skei jy jouself tot 'n sekere mate van God af. Die geskrifte noem hierdie skeiding geestelike dood.

*Woorde in rooi word op bladsye 18 en 19 verduidelik.

***Ons moet ons keuses versigtig oorweeg.***

Buiten jou skeiding van God, laat sonde jou ook skuldig en skaam voel. Jy kan nie sonde en die uitwerking daarvan op jou eie oorkom nie.

**Die Versoening van Jesus Christus**

Omdat Hemelse Vader jou lief het, het Hy Sy Seun , Jesus Christus gestuur om vir jou sondes te betaal. Hierdie betaling is deel van die Versoening van Jesus Christus. Jesus Christus het vrywilliglik vir jou sondes, pyne, siektes en smart gelei. Deur Sy genade and goedheid, kan Hy jou deur jou beproewinge help en jou van die skuld en skaamte wat jy as gevolg van jou sonde voel, verlig.

> *"Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê."*
>
> **Johannes 3:16**

Deur vir jou sondes te betaal, het Jesus nie jou agentskap of persoonlike verantwoordelikheid weg geneem nie – Hy sal jou nie teen jou wil reinig nie. Om Sy hulp en krag te ontvang moet jy geloof in Hom uitoefen, bekeer, gedoop word, die Heilige Gees ontvang en kies om Sy leerstellinge vir die res van jou lewe te volg. Soos wat jy op die Versoening leun, sal jy die liefde van God voel en sal Hy jou help om jou beproewinge te verduur. Jy sal vreugde, vrede en vertroosting ondervind. Alles wat in die lewe onregverdig is, kan deur die Versoening van Jesus Christus en die genade en liefde van Hemelse Vader, reggestel word. Die Versoening is die middelpunt van die plan van saligheid.

## Waar Sal Ek Na Hierdie Lewe Gaan?

Vanaf 'n aardse perspektief, mag fisiese dood soos die einde lyk, maar in werklikheid is dit 'n begin, 'n tree vorentoe in Hemelse Vader se plan. By die dood, sal jou gees jou liggaam verlaat en

*Woorde in rooi word op bladsye 18 en 19 verduidelik.

***Die Verlosser het in die Tuin van Getsemané vir ons sondes gelei.***



*By die dood verlaat jou gees jou liggaam en gaan na die geestes wêreld, 'n plek van voorbereiding waar jy leer en van al jou bekommernisse en hartseer kan rus.*

na die geestes wêreld gaan, wat 'n plek van voorbereiding is, waar ons meer sal leer. In die geestes wêreld sal jy al jou herrinneringe van hierdie lewe saam met jou hê.

Die dood sal nie jou persoonlikheid of jou begeerte vir goed of kwaad verander nie. Indien jy kies om Christus gedurende jou lewe op aarde te volg, sal jy vrede in die geestes wêreld, en rus van al jou bekommernisse, vind. Diegene wat kies om nie Jesus Christus te volg nie en nie bekeer nie, sal ongelukkig wees.

Hemelse Vader het geweet dat baie van Sy kinders nooit die geleentheid sou hê om gedurende hul lewe van Jesus Christus te leer nie, en dat andere sou kies om Hom nie te volg nie. Omdat Hy Sy kinders lief het, het God 'n weg voorberei vir diegene in die geestes wêreld om van Sy plan te leer, geloof in Jesus Christus te hê en om te bekeer. Diegene wat Jesus Christus aanvaar en volg sal rus en vrede hê.

## Opstanding en Oordeeling

Een van die groot gawes van God, aan almal wat na die aarde kom, is die opstanding, wat deur die Versoening van Jesus Christus moontlik gemaak is. Toe Jesus op die Kruis gesterf het, het Sy gees na die geestes wêreld gegaan. Drie dae later is Sy gees met Sy geheiligde, perfekte liggaam , wat nie meer kon sterf nie, verenig. Hierdie vereniging van liggaam en gees word *opstanding genoem*. Elkeen wat op die aarde gebore word sal opstaan.

Nadat jy opgestaan het, sal jy voor God gaan om volgens jou dade en die begeertes van jou hart, veroordeel te word.

* Woorde in rooi word op bladsye 18 en 19 verduidelik.

***Die opgestane Verlosser het aan Maria verskyn.***



## Grade van Heerlikheid

Nadat jy geoordeel is, sal jy in 'n toestand van heerlikheid leef. Omdat almal se dade en begeertes verskil, sluit die hemel verskillende koninkryke, of grade van heerlikheid in.

**Selestiale koninkryk.** Hemelse Vader en Jesus Christus woon in die selestiale koninkryk. Indien jy volgens die evangelie van Jesus Christus leef en deur die Versoening van alle sonde gereinig is, sal jy 'n plek in hierdie, die hoogste koninkryk, ontvang. Jy sal in God se teenwoordigheid leef en volmaakte vreugde ken.

**Terrestriale koninkryk.** Mense wat weier om die evangelie van Jesus Christus te aanvaar, maar wie 'n eerbare lewe lei, sal 'n plek in die terrestriale koninkryk ontvang.


**Telestiale koninkryk.** Diegene wat aanhou in hul sonde en nie bekeer nie, sal 'n plek in die telestiale koninkryk ontvang.

### Die Versoening van Jesus Christus maak saligheid moontlik.



## WAT BETEKEN DIE PLAN VIR MY?

Wanneer jy verstaan dat God jou Vader is en dat Hy jou lief het en dat Hy dit moontlik gemaak het vir jou om ondervinding en kennis hier te ontvang om meer soos Hy te kan word na hierdie lewe, dan weet jy hoe belangrik die besluite is wat jy gedurende jou lewe maak. Jy verstaan dat jy Jesus Christus moet volg, om die volle seëninge van Hemelse Vader se plan te kan ontvang.



# Hoe Kan Ek Weet?

‘n Groter kennis van die plan van saligheid het as gevolg van die Restourasie van die evangelie van Jesus Christus , deur die Profeet Joseph Smith, gekom.

Jy kan vir jouself uitvind of hierdie dinge waar is, deur jou Hemelse Vader in gebed te vra. Hy sal jou deur die Heilige Gees antwoord. Die Heilige gees word ook die Gees van God genoem en een van sy rolle is om van waarheid te getuig. Die Heilige Gees openbaar en bevestig waarhede, deur gevoelens, gedagtes en indrukke. Die gevoelens wat deur die Heilige Gees kom , is kragtig, alhoewel hulle gewoonlik saggies en stil is. Die Bybel leer, “Die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, [en]selfbeheersing” ” (Galásiërs 5:22–23). Hierdie gevoelens is ‘n bevestiging van die Heilige Gees af, dat hierdie boodskap waar is. Jy sal dan moet kies of jy in harmonie saam met die leerstellinge van Jesus Christus, soos wat deur Joseph Smith gerestoureer is, wil saam leef.

*Hoe Bid Ek?*

- *Spreek jou Hemelse Vader aan.*
- *Gee uitdrukking aan die gevoelens van jou hart (dankbaarheid, vrae, bevestiging van die waarheid van die Boek van Mormon en dit wat die sendelinge jou geleer het).*
- *Sluit af (“In die naam van Jesus Christus, amen”).*

***Jy kan die waarheid weet, deur opreg te bid.***



# LYS VAN TERME

**Agendskap** Die gawe van God af, om tussen goed en kwaad en tussen reg en verkeerd, te kan kies.

**Die Val** Die gebeurtenis waardeur die hele mensdom, sterflik geword het. Dit het 'n geestelike en fisiese skeiding van God af, tot gevolg gehad. Omdat Adam en Eva, die eerste mense, ongehoorsaam was aan God se gebooie, is hulle van sy teenwoordigheid geskei (hierdie skeiding word ook geestelike dood genoem) en het hulle sterflik geword (onderworpe aan fisiese dood). As afstammelinge van Adam en Eva, is ons ook van God se teenwoordigheid geskei en onderworpe aan fisiese dood. Die Versoening van Jesus Christus het beide die fisiese en die geestelike dood oorkom.

**Fisiese dood** Die skeiding van die gees met die sterflike liggaam. Wanneer die fisiese liggaam sterf, hou die gees aan met lewe in die geestes wêreld. Ons oorkom die fisiese dood deur die opstanding, wat deur die Versoening van Jesus Christus moontlik gemaak is.

**Gees** Die deel van 'n persoon, wat voor geboorte saam met Hemelse Vader geleef het. Gedurende die aardse lewe, word die gees aan 'n fisiese liggaam geheg. Die gees hou aan lewe na die dood.

**Geestelike dood** Skeiding van God , as gevolg van ongehoorsaamheid aan Sy gebooie. Ons word van geestelike dood gered, deur die Versoening van Jesus Christus, soos wat ons bekeer en Sy gebooie onderhou.

**Geestes wêreld** Waar ons gees gaan, tussen die dood en die opstanding. Vir diegene wat gedurende hul lewe regverdig was, sal die geestes wêreld 'n plek van vrede en vreugde wees.

**Genade** Goddelike hulp en krag, wat deur die genade en liefde van Jesus Christus gegun word. Deur Sy genade, wat deur Sy Versoening moontlik gemaak is, sal die hele mensdom opstaan. Deur Sy genade, sal diegene wat aanhou om te bekeer en volgens Sy evangelie leef, 'n ewiglike nabyheid, in hierdie lewe aan Hemelse Vader voel, en sal na hierdie lewe in Sy teenwoordigheid leef.

**Opstanding** Die hereniging van die gees met die perfekte fisiese liggaam van vlees en been, na fisiese dood. Jesus Christus was die eerste om op te staan. Na opstanding, sal die gees en liggaam nooit weer geskei word nie en die persoon sal vir ewig leef. As gevolg van die Versoening, sal almal wat ooit geleef het, opstaan.

**Ordinansie** 'n Heilige, formele daad wat deur die gesag van die priesterskap uitgevoer word. Voorbeelde sluit die doop in, om die Heilige Gees te ontvang en die nagmaal in. Ordinansies is dikwels die manier waarop jy in 'n verbond met God intree.

**Plan van saligheid** Hemelse Vader se plan wat dit moontlik gemaak het vir ons om soos Hy te kan word en 'n volheid van vreugde te kan ontvang. Hierdie plan is op die Versoening van Jesus Christus gesentreer en sluit al die gebooie, ordinansies en leringe van die evangelie in.

**Saligheid** Om van sonde en die dood uitgelewer te word. Saligheid is deur die Versoening van Jesus Christus moontlik gemaak. Deur die Opstanding van Jesus Christus, sal almal die uitwerking van die dood kan oorkom. Ons kan ook, deur geloof in Jesus Christus, van die effek van sonde gered word. Hierdie geloof word deur 'n lewe van bekeering en gehoorsaamheid aan die wette en ordinansies van die evangelie, en diens aan Christus bewys.

**Versoening** Die gebeurtenis wat dit moontlik maak vir ons om met God verenig te kan word. Om te versoen is om vir die straf van die sonde te lei, om sodoende die effek van die sonde van uit die bekeerde sondaar se lewe te verwyder. Jesus Christus was die enigste een wat 'n perfekte Versoening vir die hele mensdom, kon moontlik maak. Sy Versoening sluit Sy leiding vir ons sondes, die stort van Sy bloed en Sy dood en Opstanding in. As gevolg van die Versoening, sal elkeen wat geleef het, opstaan. Die Versoening het ook aan ons 'n manier verskaf waarvolgens ons van ons sondes vergewe kan word en vir ewig saam met God kan leef.

**Voor-aardse lewe** Ons lewe voor ons op die aarde gebore is. In ons voor-aardse lewe het ons in die teenwoordigheid van ons Hemelse Vader, as Sy geestes kinders geleef. Ons het nie 'n fisiese liggaam gehad nie

# ADDISIONELE STUDIE

Die volgende vrae en geskrifte sal jou help om meer oor die beginsels in hierdie pamflet te leer en om oor hulle te peins. Die lys is nie alomvattend nie; voetnotas en kruis-verwysings in die geskrifte sal jou na addisionele gedeeltes en hulpbronne lei.

**Wat was jou verhouding met God, voor jy gebore is?**

Jeremia 1:5 (Bybel, Ou Testament)
Hebreërs 12:9 (Bybel, Nuwe Testament)

**Wat is die Val? Hoekom was dit nodig?**

2 Nefi 2:14–26 (Boek van Mormon, bladsy 71–73)
Alma 42:2–9 (Boek of Mormon, bladsy 388–389)

**Wat is die doel van jou lewe hier? Hoe kan hierdie kennis, die besluite wat jy elke dag maak, affekteer?**

2 Nefi 2:25–27 (Boek van Mormon, bladsy 72–73)
Alma 34:32 (Boek van Mormon, bladsy 368)

**Wat is die Versoening? Hoe kan dit jou in jou daaglikse lewe help?**

Johannes 3:16–17 (Bybel, Nuwe Testament)
Romeine 3:23–25 (Bybel, Nuwe Testament)
2 Nefi 2:6–8 (Boek van Mormon, bladsy 70)
Alma 7:11–12 (Boek van Mormon, bladsy 277)
Alma 42:22–23 (Boek van Mormon, bladsy 390)

**Wat is die geestes wêreld? Wat gebeur daar?**

1 Petrus 4:6 (Bybel, Nuwe Testament)
Alma 40:11–14 (Boek van Mormon, bladsy 384)

**Wat beteken die opstanding? Wie sal opstaan? Hoekom is die opstanding belangrik?**

2 Nefi 9:13–15 (Boek van Mormon, bladsy 90)
Alma 11:42–45 (Boek van Mormon, bladsy 292–293)

**Wat is die hemel? Hoekom is daar verskillende vlakke van heerlikheid?**

1 Korinthiërs 15:40–43 (Bybel, Nuwe Testament)

# Aanbid saam met Ons

## Kom en Sien Hoe die Gerestoureerde Evangelie Jou Lewe Kan Seën



Nagmaal vergadering is die hoof aanbiddings diens Dit duur gewoonlik net so oor ‘n uur en bestaan tipies uit die volgende:

*Gesange:* Word deur die gemeente gesing. (Gesangboeke word voorsien.)

*Gebede:* Word deur plaaslike Kerk lede gegee.

*Die nagmaal:* Brood en water word geseën en aan die gemeente gegee, ter herinnering van die Versoening van Jesus Christus.

*Sprekers:* Gewoonlik een of twee lede wat vooraf aangesê is om oor evangelie onderwerpe te praat.

*Kleredrag:* Mans en seuns dra oor die algemeen ‘n pak of ‘n netjiese broek en ‘n hemp met ‘n das. Vrouens en meisies dra rokke of rompe.

Donasies word nie gedurende die aanbiddings diens gevra nie.

Ons nooi jou ook om addisionele vergaderinge by te woon, volgens jou belange en ouderdoms groep. Die orde en beskikbaarheid van hierdie vergaderinge, mag verskil.

*Sondag Skool:* Klasse vir die studie van geskrifte en leerstellinge van die evangelie.

*Priesterskap vergaderinge:* Klasse vir mans en seuns , vanaf ouderdom 12 en ouer.

*Vroue Vereniging:* Klasse vir vrouens, vanaf 18 en ouer.

*Jong Dames:* Klasse vir meisies, vanaf 12 tot 18 jaar oud.

*Primêr :* Groeps diens en klasse vir kinders ,vanaf 3 tot 11 jaar oud. ‘n Kinder kamer is dikwels beskikbaar vir kinders vanaf 18 maande tot 3 jaar oud.




Nagmaal diens tyd:________________________________

Kapel adres:______________________________________

________________________________________________

________________________________________________

# Wat Moet Ek Doen?




- Lees die Boek van mormon.

  Voorgestelde leeswerk:

- Bid om te weet of dit wat die sendelinge jou geleer het, waar is.
- Woon kerk by.
- Berei voor om op die ______ gedoop te word
- Besoek www.mormon.org om meer te leer oor Hemelse Vader se plan vir Sy kinders.
- Hou aan om met die sendelinge te ontmoet, om meer te leer oor die waarhede wat God deur sy heedendaagse profete gerestoureer het.

  Volgende afspraak:

  Sendelinge se name en telefoon nommers:

DIE KERK VAN
JESUS CHRISTUS
VAN DIE HEILIGES VAN DIE
LAASTE DAE

www.mormon.org

**Beeld Erkenninge**
Voorblad: Detail van *Hy Is Opgestaan,* deur Del Parson. © Del Parson. Moet nie afskrifte maak nie
Bladsy 11: Detail van *Christus in Gethsemane,* deur Harry Anderson
Bladsy 13: *Hy Is Opgestaan,* deur Greg Olsen. © Greg Olsen. Moet nie afskrifte maak nie

© 2008 by Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gedruk in die VSA.
Engelse goedkeuring: 11/05. Vertaling goedkeuring: 11/05. Vertaling van *The Plan of Salvation* Afrikaans.
01197 501

AFRIKAANS
4 02011 97501 6
01197 501